

Bib -

15/92

Saaknommer 587/91

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÉLAFDELING

In die saak tussen:

SIPHO MANDELA

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: HOEXTER, NESTADT, et F H GROSSKOPF, ARR

VERHOOR: 17 Februarie 1992

GELEWER: 6 Maart 1992

UITSpraak

HOEXTER, AR

HOEXTER, AR,

Op 18 September 1989 is die appellant in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling deur waarnemende regter Klopper en assessore aan moord skuldig bevind. Die verhoorhof het bevind dat daar geen versagtende omstandighede is nie. Ingevolge die destyds geldende reg is die appellant die doodvonnis opgelê. Nadat die verhoorregter die appellant se aansoek om verlof om te appelleer afgewys het, is 'n versoekskrif om dusdanige verlof sonder welslae aan die hoofregter gerig.

Na afhandeling van die verhoor het die Strafwysigingswet 107 van 1990 ("die nuwe Wet") in werking getree, met die gevolg dat die appellant se geval kragtens art 19(8) van die nuwe Wet deur die paneel wat ingevolge die nuwe Wet aangestel is, heroorweeg is. Ingevolge art 19(10) het die paneel bevind dat die doodvonnis waarskynlik op die appellant opgelê sou gewees het indien art 277 van die Strafproseswet, 51 van 1977, soos deur die nuwe Wet vervang, ten tyde van

vonnisoplegging in werking was. Dientengevolge en kragtens art 19(12) van die nuwe Wet word die oorkonde van die onderhawige geval tans aan hierdie hof voorgelê.

Dit is onnodig om weer eens die uitwerking van die bepalings van die nuwe Wet hier uit te stippel. Voorheen was die posisie in 'n halssaak dat hierdie hof in 'n doodvonnis kon inmeng slegs indien die verhoorhof by vonnisoorweging misgetas het. Tans is die posisie dat hierdie hof 'n eie en onbevange diskresie moet laat geld. Indien na die oordeel van hierdie hof die opgelegde doodvonnis nie die enigste gepaste strafvorm is nie, word die doodstraf deur 'n ander vonnis vervang.

Dit gaan in die onderhawige appêl om 'n tronkmoord wat in 'n gevangenis deur die appellant met 'n tuisgemaakte mes op 'n niks-vermoedende en weerlose mede-gevangene gepleeg is. Die beweegrede vir die moord was weerwraak. Etlike weke voor die moord het die oorledene die appellant van die besit van wapens verkla. As gevolg daarvan is die appellant op 6 Januarie 1988

weens h oortreding van die Gevangenisregulasies deur h offisiërs-hof skuldig bevind en gevonnissen tot 30 dae alleenopsluiting met dieëts-raf, waarvan 15 dae vir h tydperk van 3 jaar voorwaardelik opgeskort is.

Op 8 Februarie 1988, en terwyl die oorledene in h eetsaal gesit het, het die appellant, wat staande was, met die mes in sy hand die oorledene van agter af genader en aangeval. Die mes het h lem van 8 sentimeter gehad. Die punt daarvan was stomp maar die snykante was skerp. Die appellant het die oorledene heeltemal onverhoeds gevang en hom vyf verskillende steekwonde toegedien. Vier van die wonde wat die oorledene aldus opgedoen het (op die regter voorkop bokant die wenkbrou; op die regterwang; op die regterblad; en net onderkant die bopunt van die borsbeen) was nóg op sigself nóg gesamentlik lewensgevaarlik. Die orige steekwond was egter noodlottig. Aan die regter agterkant van die oorledene se nek het die appellant h steekwond toegedien wat tot h diepte van

5 sentimeter en tussen die tweede en derde nekwerwels ingedring het. As gevolg hiervan (1) is die rugmurg totaal vernietig en (2) is die oorledene weens longversaking oorlede. Dit is alombekend dat die nek 'n kwesbare liggaamsdeel is. Die verhoorhof het tereg bevind dat die appellant die oorledene aangeval het met die direkte oogmerk om te dood.

Ten tyde van die voorval was die appellant 37 jaar oud. Hy het twaalf vorige veroordelings op sy kerfstok. Hiervan is agt veroordelings weens misdrywe (soos huisbraak en diefstal) waarvan oneerlikheid 'n bestanddeel is. Gedurende 1987 is die appellant weens huisbraak met die opset om te steel tot gewoontemisdadiger verklaar. Die appellant se jongste veroordeling is weens aanranding met die opset om te beseer waarvoor hy op 19 Februarie 1988 'n vonnis van gevangenisstraf van een jaar opgelê is.

Daar moet vervolgens gekyk word na watter versagtende en/of verswarende faktore by beoordeling van die feite van die

geval aangemerkt moet word. In S v Dladla 1980(1) SA 149 (A) het hierdie hof by monde van hoofregter Rumpff (op 151 A/B) verwys na -

"n soort wraaklus wat in sekere besondere omstandighede as verskonende menslike reaksie en dus as n versagtende omstandigheid by n geval van moord beskou sou kon word."

In die algemeen gesproke impliseer provokasie in die geval van n geweldsmisdaad dat die slagoffer se eie voorafgaande optrede by sy aanrander een of ander heftige gemoedsaandoening ontlok as gevolg waarvan die aanrander die slagoffer te lyf gaan. In n sekere sin het in die onderhawige geval die oorledene se voorafgaande optrede op provokasie neergekom. Weliswaar dat die appellant se toorn en wrewel daardeur opgewek is. Namens die Staat het mnr Hiemstra egter betoog dat in die bepaalde omstandighede van hierdie geval die appellant se wraakgierigheid nie as n versagtende faktor aangemerkt kan word nie. Om die volgende redes meen ek dat die Staat se advokaat gelyk het.

Wesenskenmerk van provokasie as versagtende faktor is

die onmiddellikheid van die boosdoener se reaksie op die slagoffer se toornverwekkende handeling. Die boosdoener moet onverwyld en in die hitte van die oomblik tot sy geweldsdaad oorgaan. n Vertraagde vergeldingshandeling met voorbedagte rade is heeltemal die teengestelde van daardie momentele verlies aan of inkorting van selfbeheersing wat die waarmerk van provokasie dra. Waar, soos hier, die boosdoener eers na verloop van aansienlike tyd na die uittartende optrede, en nadat hy behoorlik geleentheid tot bedaring en besinning gehad het, sy slagoffer in koelen bloede om die lewe gebring het, kan daar van provokasie as versagtende faktor nouliks sprake wees.

Daarbenewens kan toorn aan die kant van n beskuldigde strafversagtend inwerk slegs indien die slagoffer se toornverwekkende daad sodanig is dat die gemoedsopwelling wat dit by die beskuldigde ontlok na die oordeel van die gewone redelike mens gebillik is. Kom ons by die feite van die onderhawige geval dien eerstens gemeld te word dat die feit dat n gevangene

in sy tronksel wapens opgaar onmiskenbaar dui op 'n geweldsoogmerk wat vir ander tronkinwoners - hetsy mede-gevangenes hetsy bewaarders - lewensgevaar inhou. Die oorledene se bekendmaking aan die owerheid was derhalwe lofwaardig. Ten tweede moet voor oë gehou word dat die alleenopsluiting wat die appellant verduur het nie alleen die gevolg van sy eie toedoen was nie maar ook die uitvloeisel van 'n regmatige verhoor. In hierdie omstandighede, so meen ek, sou die gewone ewewigtige landsburger vir die doodslag wat die appellant gepleeg het geen begrip kon toon nie. Dat die appellant ontstoke was toe hy die oorlede gedood het, is duidelik. Daarvan getuig die aakligheid van sy wandaad. Om bostaande redes, egter, was die appellant nie billik ontstoke nie. Bygevolg is die wraaklus hier ter sprake nie sodanige "verskonende menslike reaksie" wat as 'n versagtende faktor aangemerkt kan word nie.

Uit die aangevoerde getuienis blyk dit dat sowel die appellant as die oorledene lede van dieselfde bende was.

Ofskoon die aangeleentheid nie in die betoogpunte namens die appellant ingelewer, geopper is nie, het hierdie hof nietemin oorweeg of druk deur die bende op die appellant uitgeoefen nie moontlik met die doodslag verband hou nie. Dit was nooit die appellant se saak nie, en die getuienis van die staatsgetuies bevat ook geen regstreekse aanduiding dat die appellant by pleging van die moord aldus beïnvloed is nie. Volledigheidshalwe is dit egter nodig om in hierdie verband kortliks by die getuienis van die staatsgetuie Ralph Duiker stil te staan. Duiker was ook 'n lid van voornoemde bende. Aanvanklik het Duiker getuig dat nadat die oorledene aan die bewaarders inligting gegee het oor wapens in die appellant se besit, daar 'n kringsitting deur lede van die bende gehou is waarby die oorledene se beriggewing aan die owerheid bespreek is, en daar by meerderheidstem oor die lot van die oorledene "besluit" is. Van hierdie storie het Duiker in die loop van kruisondervraging heeltemal afgewyk en toe te kenne gegee dat die

verrigtinge by die kringsitting onderbreek is sonder dat enige vaste besluit oor die oorledene se lot geneem is. Hieraan het Duiker toegevoeg dat die oorledene "sonder reëlins" en as gevolg van die appellant "se eie besluite" om die lewe gebring is. By deurlees van die oorkonde is dit duidelik dat m b t die beweerde kringsitting en wat daar sou afgespeel het Duiker baie bontgepraat het. Sy relaas hiervan is besonder onbevredigend en staan m i sterk onder verdenking. In die afwesigheid van enige ander en aanvaarbare getuienis op die punt, skeep Duiker se getuienis na my mening nie eers 'n redelike moontlikheid dat die appellant as gevolg van aansporing of op aandrang van sy mede-bendeledes tot die moord oorgegaan het nie.

Mnr Roberts wat namens die appellant 'n betoog gelewer het, het toegegee dat daar geen versagtende faktore in die saak te vinde is nie. Daardie toegewing tref my as weloorwoë.

Daarenteen is die verswarende faktore wat teen die appellant inwerk voor die hand liggend. Die oorledene was die

slagoffer van 'n wreedaardige en lafhartige sluipmoord wat met sluheid beplan en met astrartheid en doelgerigtheid uitgevoer is. Boonop is die appellant 'n geharde misdadiger met 'n droewige strafrekord. In die loop van 'n enkele jaar (1974) het hy vyf veroordelings opgeloopt. Sedert Januarie 1978 kon hy in totaal beswaarlik meer as twee jaar buite die gevangenis deurgebring het. Ofskoon slegs twee van sy vorige veroordelings weens geweldsmisdade was, is dit opvallend dat sy eerste ernstige geweldsmisdaad in die gevangenis gepleeg is.

Die bestaan van etlike strafverswarende faktore tesame met die afwesigheid van enige strafversagende faktore beteken egter nie dat die ondersoek afgehandel is nie. Die uiteindelijke vraag bly nog of, met inagneming van die oogmerke van straftoemeting, die doodvonnis in al die omstandighede van die geval die enigste gepaste straf is.

Hierdie is 'n saak waar die gemeenskapsbelang sterk na vore tree. In die verlede het ons howe telkemale vermaan dat

waar iemand in die rustigheid van sy eie woning oorval en vermoor word, veral die afskrikkings- en vergeldingselemente van strafoplegging beklemtoning verdien. Die gemeenskapsbelang tree eweseer op die voorgrond, so meen ek, wanneer 'n selbewoner in die tronk op grusame wyse om die lewe gebring word. 'n Tronkbewoner verkeer onder die oppertoesig en in die veilige bewaring van 'n staatsinrigting. Dat 'n tronkbewoner uiteraard in die geselskap van menige boosdoeners en geweldenaars verkeer, bring onvermydelik mee dat vir hom die gevaar van aanranding en selfs doodslag groter sal wees as wat dit vir die persoon op vrye voet daarbuite is. Maar die feit dat die tronkbewoner onder dwang opgesluit moet sit, beteken hoegenaamd nie dat sy fundamentele reg op die onskendbaarheid van sy liggaam, en trouens sy reg op voortbestaan, hom ontnem is nie.

Met deeglike inagneming van al die omstandighede van hierdie geval is die doodstraf na my oordeel die enigste gepaste

vonnis vir die moord wat die appellant gepleeg het. Die appèl word afgewys en die doodvonnis bekragtig.

G G HOEXTER, AR

NESTADT, AR)
F H GROSSKOPF, AR) Stem saam